DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

16 Augustus 2020

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. CCA Vrey**	**Aand**	**Ds. CCA Vrey**
Sing vooraf	Ps. 63: 1, 2	Sing vooraf	Ps. 63: 3, 4
Sing	Ps. 98: 1, 3	Sing	Ps. 135: 1, 2
	Ps. 119: 39, 40		Ps. 81: 9, 12, 13, 15
	Ps. 90: 2, 3		Ps. 86: 2, 6
	Ps. 119: 20, 22		
Skriflesing *1983-vertaling*	Handelinge 11:19-30	Skriflesing *1983-vertaling*	Genesis 3:1-24 Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 1.2
Teks *1933/53-vertaling*	Handelinge 11:23-24	Teks *1933/53-vertaling*	Genesis 3:9
Tema	**Wat is 'n goeie mens?**	Tema	**Dit was nie God se wil om die hele mensdom te veroordeel nie**

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BORG 'n BYBEL VIRTUELE DRAF/STAP

Op Saterdag 22 Augustus draf of stap mense oor die hele Suid-Afrika om 'n bydrae te maak tot Bybelverspreiding. Ons nooi graag die hele gemeente, asook vriende en familie, uit om saam te stap of draf. Alle fondse gaan na die Bybelgenootskap se 2 Miljoen Bybels-projek. Verdere inligting is ook per e-pos en/of *WhatsApp* boodskap aan u gestuur. Laat ons met entoesiasme hierdie geleentheid aangryp om 'n verskil te help maak aan mense se lewens!

Kontakpersoon: sr. Lizette Opperman

BYBELSTUDIE

Dames: Maandag om 19:30 via *Zoom* (Kontakpersoon: sr. Carla van't Foort)
Konsistorie: Dinsdag om 09:30 en 19:00 via *Zoom* (Kontakpersoon: ds. Coen Vrey)
Dames: Dinsdag om 20:15 via *Zoom* (Kontakpersoon: sr. Elré Gerber)

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal (met Nagmaal) uitgegee word. Diegene wat 'n diens verskaf, produkte verkoop of verblyf aanbied, is welkom om hiervan gebruik te maak. Uitgawe 2 van 2020 is steeds op ons webblad (www.gkbellville.org) beskikbaar. Nuwe advertensies of veranderings aan bestaande advertensies moet asseblief voor **Dinsdag 25 Augustus** om **09:00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

HUISBESOEK

Wyk **Boston** (oudl. Cassie Bester) ontvang hierdie week telefonies huisbesoek deur ons leraar.

MEELEWING

Mag die Here almal wat beproewing of siekte deurgaan ryklik vertroos en seën.

- Br. Llen Labuscagne het die afgelope week 'n suksesvolle operasie ondergaan.

Br. Frans van der Merwe se suster is die afgelope week oorlede. Mag ons hemelse Vader hom, sr. Fransien en die res van hul geliefdes ryklik vertroos.

ROTSE

Die jeug (17 jaar en ouer) het DV Woensdagaand om 20:00 bybelstudie via *Zoom*. Die agtste gebod word behandel en dit word aangebied deur br. Ruben Meijering.
Kontakpersoon: sr. Juliët van Wijk

Die jeug bied 'n **Road Trip Bingo** aan op DV **Saterdag 5 September**. Dit is 'n spel waar jy moet voorwerpe gaan soek en foto's saam met dit neem. Daar is pryse ter waarde van R300.
Kontakpersone: sr. Delène Vrey jr. en br. Jakobus Wüst jr.

3. SUSTERS

SUSTERSBESTUUR 2021

Die Sustersbestuur vir 2021: srs. Sanet van Hoving (voorsitter), Yolandi Taljaard (ondervoorsitter), Emzy Venter (sekretaresse), Hita van Wyk (tesouriere), Antoinette Douglas, Elré Gerber, Lizelle Janse van Rensburg, Mariëtte Lombard en Annalize Louw.

In 'n nieamptelike hoedanigheid sal sr. Delène Vrey as pastorale skakelpersoon optree en sr. Willina Cilliers as interne skakelbeampte.

Ons bid hierdie Bestuurspan, wie se lewens getuig van die erns van hul verhouding met die Here, die vervulling toe van God se plan en doel met hulle lewe.

En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader. Hy het aan ons sy liefde bewys en aan ons deur se genade 'n blywende troos en goeie hoop gegee. *2 Tessalonisense 2:16-17*

4. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Augustus: 17/08 Boston, 31/08 Bosbell & Hoheizen
September: 14/09 Kenridge, 28/09 Loevenstein 1
Oktober: 11/10 Loevenstein 2, 26/10 Welgemoed

KOLLEKTE

Vandag:	Diakonale Kas	Bolandse Bedieningsfonds
Volgende Sondag:	Skiereiland vir Christus	Thusofonds

SnapScan

NAGMAAL

Ons gemeente vier DV **Sondag 30 Augustus** die sakrament van die Heilige Nagmaal.

Nagmaal-aansoeke

Die Gereformeerde Leer vereis dat daar toesig gehou word oor almal wat aan die Nagmaal deelneem. Die Here vereis van die kerkraad om te sorg dat die tafel van die Here heilig gehou word. Die kerkraad moet hulle dus voor die Here kan verantwoord oor die leer en lewe van elke deelnemer aan die Nagmaal. Enige persoon wat nie 'n belydende lidmaat van die Gereformeerde Kerk Bellville is nie en wat wil deelneem aan 'n Nagmaalviering in ons gemeente, moet dus 'n getuienis inlewer van die kerk waar hy/sy vandaan kom. In hierdie getuienis moet sy/haar kerk baie duidelik aantoon dat hierdie persoon suiwer is in leer en lewe en dat hulle inderdaad aanbeveel dat so 'n persoon saam met ons Nagmaal vier. Gevolglik kan lidmate van enige kerk wat nie saamstem met die leer en die sakraments-beskouing van die GKSA nie, ook nie tot die Nagmaaltafel toegelaat word nie. Alle aansoeke om saam met ons Nagmaal te vier, moet voor die kerkraad dien. Dit is verkieslik dat hierdie aansoeke skriftelik moet wees en dat die aanbevelings ook skriftelik moet wees. By wyse van buitengewone uitsondering, kan telefoniese bevestiging van die kerk waar sodanige nie-lidmate vandaan kom, aanvaar word.

Aansoeke om Nagmaal saam met ons te vier, moet asseblief voor of tydens die kerkraadsvergadering op Woensdag 26 Augustus ingedien word.

Besluit rakende die Nagmaal tydens Covid-19 inperkings

Vir solank as wat daar 'n beperking is op die aantal lidmate wat 'n erediens kan bywoon, sal die volgende besluit rakende die viering van nagmaal geld:

- Daar sal net een tafel voor in die kerkgebou wees met die stukkies brood in 'n bord en die wyn in die skinkbeker.
- Elkeen wat nagmaal vier bring sy of haar eie glasie waarin die wyn geskink sal word.
- Wanneer lidmate na die tafel geroep word, staan hulle uit die bank op en beweeg na die tafel met hul glasie terwyl die nodige afstand tussen mekaar behou word en die masker opbly.
- Elkeen neem 'n stukkie brood en ontvang die wyn wat uit die skinkbeker in die glasie geskink word.
- Met die stukkie brood en glasie wyn neem elkeen weer sy of haar sitplek in.
- Lidmate wat gewoonlik in die bank bedien word, sal hulle stukkie brood en wyn in die bank ontvang nadat al die ander lidmate dit ontvang het.
- Die formulier wat gewoonlik by die brood gesê word volg en elkeen eet die stukkie brood.
- Die formulier wat gewoonlik by die beker gesê word volg en elkeen drink die wyn.
- Indien daar meer as die toegelate 50 lidmate per erediens is wat nagmaal wil vier, sal daar by meer as een erediens nagmaal gevier word (byvoorbeeld sekere aantal wyke in die oggend en in die aand, of twee oggenderedienste).

Indien dit weer sou gebeur dat daar nie 'n samekoms in 'n erediens kan wees nie, soos wat gebeur het aan die begin van die grendelstaat, sal daar ook nie nagmaal gevier word nie.

5. VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid. 'n Spesiale gelukwensing aan **sr. Stella Badenhorst** met haar **100ste** verjaarsdag!

Vandag	Leon Lombard (13 jaar) Marnus Lombard (13 jaar)
17/08	sr. Lizette Opperman
18/08	sr. Stella Badenhorst
19/08	sr. Arnolda Goodey
20/08	br. Thiaan Roux
21/08	sr. Mariëtte Lombard

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. *Romeine 8:37-39*

6. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville

Broadway 6, Bellville, 7530 — Posbus 5009, Bellville, 7535

E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za — Tel: 021 945 1515

Predikant	Ds. Coen Vrey cca.vrey@mweb.co.za	082 808 4432
Skriba	Oudl. André Costerus skriba.gkbellville@gmail.com	081 795 1899
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard kassier.gkbellville@gmail.com	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Regstreekse klank uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
Regstreekse beeld uitsending	https://www.youtube.com/channel/UCuBaulOmObi0OuzY7wrx09w	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen Donderdag om 08:00 per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za